Tuinroete Agri Bpk/Ltd
Reg No: 1997/003183/06
Industrieweg/Industry Road
Posbus/PO Box 70
Mosselbaal/Mossel Bay 6500
T: +27 (0)44 601 1200
F: +27 (0)44 695 1746
www.tagri.co.za

5 Oktober 2011

HEFFING EN OORBETALING VAN STATUTÊRE EN VRYWILLIGE HEFFINGS OP GRAANLEWERINGS

Statutêre heffings
Ingevolge wetgewing is daar 'n verpligte heffing wat gemaak word op koring, gars en hawer wat deur 'n produsent gelewer en verkoop word.

Die heffing vir die 2011/2012 sal as volg wees:

- Koring R15/ton
- Gars R14/ton
- Hawer R11/ton

Om die administrasie en oorbetaling van die heffing te vergemaklik sal Tuinroete Agri in die geval van koring, die heffing faktureer teen die rekening van die koper van die graan op die datum waarop silo-kostes uitgeboek word. Hierdie heffing sal dan namens die koper van die koring aan die Wintergraantrust oorbetaal word.

Indien die graan op hierdie tydstip nog op die eie naam van die produsent gestoor word, sal die heffing teen die produsent se rekening gehef word. Indien die graan na hierdie datum verkoop word, hoef die koper dit nie van die verkoopprys te verhaal nie.

In die geval van hawer en gars wat Tuinroete Agri van produsente aankoop, sal die statutêre heffing in die aankoopsprys verreken word en aan die Wintergraantrust oorbetaal word.

Vrywillige heffing – Graan SA
Ingevolge die grondwet en lidmaatskapsvoorwaardes van Graan SA, is daar 'n vrywillige heffing van R2/ton betaalbaar op alle graan wat geproduseer en verhandel word.

Om die administrasie en oorbetaling van die heffing te vergemaklik, sal daar na afloop van die koring-leweringseisoen 'n faktuur teen die rekening van die produsent gedoen word vir die genoemde heffing aan Graan SA.

In die geval van ander grane wat deur Tuinroete Agri van die produsent aangekoop word, sal die heffing in die aankoopsprys verreken word.

Sodanige heffings sal aan Graan SA oorbetaal word met die detail van die produsent van wie dit verhaal is.

Indien hierdie vrywillige heffing nie verhaal moet word nie, moet Tuinroete Agri asseblief skriftelik in kennis gestel word. Sodanige kennis moet geskied binne 30 dae vanaf die faktuurdatum van die heffing.

OJ BADENHORST
FINANSIËLE DIREKTEUR

Direkteure/Directors:
H H Pienaar (Voorsitter/Chairman)
J H Robertson (O-Voorsitter/V Chairman)
J D Weys (Besturend/Managing)
O J Badenhorst (Finansieël/Financial)
S Mkhize · Ms P S Norris · M Pienaar
K R Reitz · J E Robertson
J J Streicher · B Zondagh